13

JAARGANG 23 | 5 SEPTEMBER 2025



# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

KONINKRYKSTYD

*Lentetyd*

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | Mariëtte Odendaal
Enrico Casaleggio | Andries Gous
Nina Müller van Velden | Leon M Foot
Martin Schwella, *Schink Publishing*
*Kerkbode* | *Bybel-Media* | *CLF* | *Engo*
*Bybelgenootskap SA*

## KONINKRYKSTYD EN LENTE

Lente word beskou as 'n tyd van nuwe lewe en groei. Hierdie groei word in Koninkrykstyd verbind met die uitbreiding van God se koninkryk op aarde en die verband tussen die lente en die Skepping, as God se werk, word beklemtoon. Dit is 'n tyd om aandag te gee aan die natuur en om die verbondenheid daarmee te erken. Soos die lente nuwe bloeisels en lewe bring, so bring God ook nuwe dinge, hoop, en groei in die gelowige se lewe. Die Gees van Jesus herinner gelowiges daaraan dat hulle die lewe in oorvloed ontvang het en laat hulle groei in God se koninkryk, wat soms onsigbaar maar altyd seker is.

## DAGBOEK DÍT

***(Met) Job in gesprek (met) …***
***Dr At Lamprecht***
Ring van Bethlehem | 10 Sept, 09:00
NG BHM-Panorama | 10 VBO-punte

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 19 September**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

VISIONERING
**Jan Lubbe** | *160 Geseënde jare van 'n Kerk-familie in die Vrystaat*

## ARTIKELS 05

05 | DIENS VAN BARMHARTIGHEID | Projek
**Mariëtte Odendaal** | *Avontuurweek – die 'core memories' van kindwees*

07 | VENNOTE IN GETUIENIS | RICD
**Mariëtte Odendaal** | *Die Clarens Eagles – rugby bou hoop en toekoms*

08 | VENNOTE IN GETUIENIS | Islam
**Enrico Casaleggio** | *Die verskille tussen die Christendom en Islam vasgevat in tabelvorm | Nr 2*

09 | VENNOTE IN GETUIENIS | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

10 | VENNOTE IN GETUIENIS | Ekumeniese Vennootskappe buite Suid-Afrika
**Mariëtte Odendaal** | *Uitreik na Wes-Caprivi verryk lewens*

## UIT DIE FAKULTEIT 11

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Nina Müller van Velden** | *Gretig vir nagraadse studie oor die Bybel?*

## MEDIATEEK 14

**Enrico Casaleggio** | *Twee gelowe, een dialoog. Hoe Christene hul geloof sinvol teenoor Moslems kan verwoord.*

## BLÊR-REEKS 2 15

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | *10. So soet soos waatlemoen*

## VERJAARSDAE 17

## EKOLOGIE 18

**Organiese September** | *Help bewaar God se skepping*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 19

19 | Hoekom wêreldsending?
20 | Advertensies

## VBO-GELEENTHEDE 22

## KERKBODE BROKKIES 24

## WAT'S NUUS? 26
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 27

**Enrico Casaleggio** | *Dis heerlike lente ...*

## KONTAK ONS 28



# 160 Geseënde jare
## van 'n Kerkfamilie in die Vrystaat



**VISIONERING**
Voorsitter van die Moderamen
*Ds Jan Lubbe*

Vanjaar vier ons die 160ste bestaansjaar van die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk; 'n besondere voorreg omdat dié band tussen gemeentes en gelowiges, ons vir meer as 'n eeu en 'n half deur oorloë, droogtes en vele ander krisisse help dra en tot diens aangespoor het. Ons was as kerkfamilie en in dié konteks, bevoorreg om leiers met wysheid en insig te kon hê, en wat self bely het dat Christus hulle tot diens in sy Kerk geroep het. *VRYPOS* het met vyf van ons vorige sinodevoorsitters wat nog leef, gaan gesels om te hoor hoe hulle hierdie uitdagende taak in hul onderskeie termyne beleef het.

Ons eerste gesprek was met **prof Pieter Potgieter**, voorsitter van die Vrystaatse Sinodes van 1987 en 1995, van die Algemene Sinode van 1994 én ook dekaan van die Fakulteit Teologie. Ons tweede gesprek was met **prof Piet Strauss**, voorsitter van die Sinodes in 1999 en 2005, asook die voorsitter van die Algemene Sinode in 2007.

NG Kerk Vrystaat 160 JAAR VAN LIG IN DUISTERNIS
GEES | RUS | LEEF

Die derde gespreksgenoot was **dr Lourens Erasmus**, wat as 41-jarige dominee aangewys was as voorsitter van die 2003-Sinode. Ons vierde gesprek was met **dr Pieter van Jaarsveld**, wat vir drie termyne as voorsitter van die moderamen van die Vrystaatse Sinode gedien het, van 2008 tot 2013 en weer van 2017 tot 2022. Die vyfde voorsitter met wie *VRYPOS* gesels het, was **ds Helgard Janse van Rensburg** wat in 2014 aangewys is en ook twee buitengewone sinodesittings gelei het, dié van 29 Julie 2014 en 17 Maart 2015.

Ds Jan Lubbe, sedert die 2022-Sinode voorsitter van die moderamen van die NG Kerk Vrystaat (en ook voorsitter van die Buitengewone Sinodes in 2023 en 2024), sluit hierdie gedenkreeks gesprekke met 'n besondere bydrae af.

**Lees** meer »

NG Kerk
Vrystaat


# 160

JAAR VAN LIG IN DUISTERNIS

## GEES | RUS | LEEF

Esegiël 37:14

*"My **Gees** in julle,*
*en in julle, **lewe**; en in*
*julle land, **rus**."*



NG Kerk Vrystaat



1865 sedert



**DIENS VAN BARMHARTIGHEID**
Avontuurweek-projek
*Mariëtte Odendaal*

# Avontuurweek – die 'core memories' van kindwees

"Ek wil graag hê dat al my maatjies die Avontuurweek moet bywoon. Daarom het ek so baie saamgenooi." ('n Tienjarige dogtertjie)

"Kan Tannie-hulle dit nie vir die hele vakansie doen nie?" ('n Sesjarige seuntjie)

"Die Avontuurweek is een van my 'core memories' van kindwees en dit is so lekker om dit nou vir ander kinders te kan help aanbied." ('n Studentehelper)

"Al vyf my kleinkinders het met opwinding en vreugde elke oggend Avontuurweek toe gegaan. Hulle kon elke dag vir my die geestelike boodskap vertel wat hulle die oggend gehoor het en hulle sien die hele jaar uit na die volgende een!" ('n Ouma wat haar kleinkinders elke jaar uit Pretoria laat kom vir die Avontuurweek.)

Dink 'n bietjie terug aan die lekkerste tye in jou lewe en jy sal waarskynlik sê dit was in jou kinderjare. Dit sal sou waarskynlik by 'n geleentheid saam met ander maats gewees het waar daar vrolike samesyn, baie lag en liefdevolle grootmense was; iets wat jy vir elke kind toewens.

As jy een van sulke gelukkige kinders was, sal jy ook nou besef dat agter so iets die entoesiasme van toegewyde volwassenes staan wat baie vir kinders omgee en besef watter onskatbare waarde sulke byeenkomste vir kinders in hul vormingsjare inhou. En dit is presies wat die nou al bekende Avontuurweek in die Ring van Vaalrivier doen wat jaarliks by die Sasolburg-Fontein-gemeente aangebied word. Ons het meer daaroor gaan uitvind by Marida Steurer, organiseerder van hierdie gewilde aktiwiteitsweek.

Lees meer »

**Foto:** *Avontuurweek (verskaf)*



**DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING 2



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk Vrystaat

**’n Opvolgkursus waar ons kyk na wat alles na die Argief gestuur moet word en hoe om daardie inligting te verwerk en deur te gee.** Ons kyk ook oorsigtelik na die werksaamhede van die Sinodale kantoor, die POPI-wetgewing, die opstel van agendas en skryf van notules en die Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede.

## 16 SEPT • R150

**Sinodale Kantoor | 09:00**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein 9301

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

**Foto:** *Die Clarens Eagles rugbyspan in aksie (verskaf)*



**VENNOTE IN GETUIENIS**
RICD
*Mariëtte Odendaal*

# Die Clarens Eagles
## *Rugby bou hoop en toekoms*

Met hierdie uitgawe fokus ons op 'n tweede projek wat deur Vennote in Getuienis se *Reformed Initiative for Community Development*, of ook genoem RICD, ondersteun word.

Dit is die gewilde en merkwaardige gemeenskaps-rugbyspan in Clarens, genoem die Clarens Eagles rugbyspan. Ons amal ken daardie gevoel van trots wat in jou opwel en soms jou trane laat loop as jy na 'n rugbywedstryd kyk en saam met jou span die volkslied sing. Dit het die vermoë om massas mense saam te snoer sodat hulle as één stem vir hulle skree.

Dink net wat dit vir 'n gemeenskap kan beteken as rugby 'n dorp so kan saamsnoer dat hulle as één gemeenskap kan begin saamwerk aan die verbetering van die hele gemeenskap. En dis presies wat in Clarens gebeur het, danksy hul Eagles. Ons het meer gaan uitvind.

Die Clarens Eagles rugbyspan het in 2020 as gemeenskapsprojek, kort ná die Rugbywêreldbeker in Japan, ontstaan.

'n Klein groepie seuns van sestien en sewentien jaar oud van die Sekondêre Skool Moriting Wa Thuto in Clarens, geïnspireer deur die prestasies van Siya Kolisi se Rainbow Team, het besluit om 'n rugbygroep te begin. Die skool kon egter net 'n rugbybal en twee stampsakke voorsien, maar dit het hulle nie gestuit nie.

Die seuns het begin oefen op 'n klein veldjie in Kanana, een gedeelte van die township in Clarens. Aanvanklik was 'n paar plaaslike ouers en jeugleiers daarby betrokke, maar die Covid-pandemie het die verdere ontwikkeling daarvan vertraag. In 2021 het die projek egter weer momentum gekry toe Lebote Miya, toe sestien jaar oud (wat later kaptein sou word), in kontak gekom het met ds Jan Venter, destyds die nuwe leraar van die plaaslike NG-gemeente en 'n voormalige rugby-afrigter van Pretoria. 'n Vergadering tussen ouers en vry-willigers het gelei tot 'n besluit om die projek behoorlik te vestig en die Eagles het van die veldjie af na die Laerskool Clarens se sportveld verskuif.

Lees meer »

# iSLAM

## Die verskille tussen die Christendom en Islam vasgevat in tabelvorm | Nr 2

| DIE VERSKILLE TUSSEN DIE CHRISTENDOM EN ISLAM, NR 2 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **ASPEK** | **CHRISTENDOM** | **ISLAM** | **VERWYSING BYBEL** | **VERWYSING KORAN** |
| Goddelike openbaring | Openbaring deur profete, Jesus Christus, die Bybel. Ook algemene openbaring | Openbaring deur profete, veral Mohammed en die Koran | Hebreërs 1:1-2, 2 Timoteus 3:16-17 | Surah 6:92 |
| Heilige Gees | Die Heilige Gees is die derde Persoon van die Drie-Eenheid en self ook God. God is deur Hom teenwoordig in die wêreld | Die heilige gees (Ruh al-Qudus) is 'n engel of 'n geskape gees deur Allah gestuur. Meestal Gabriël (Jibril) | Handelinge 1:8, 5:3-4 | Surah 16:102 |
| Engele | Engele is boodskappers en diensknegte van die Here | Engele is boodskappers en diensknegte van Allah. Elke persoon het twee engele wat op sy skouers sit om boek te hou van al sy dade. | Hebreërs 1:14 | Surah 2:98 |

### Ooreenkomste

- Beide godsdienste leer die belangrikheid van medelye, genade en omgee vir die behoeftiges.
- Beide het 'n sterk tradisie van kloosterlewe en asketisme onder sekere groepe.
- Beide beklemtoon die belang van gemeenskap en samekoms vir aanbidding.
- Beide glo in die bestaan van die hemel en die hel as uiteindelike bestemmings ná die dood.

*Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Hierdie artikel handel oor die verskille tussen die Christendom en Islam. Dit is die tweede van 'n paar in tabelvorm.*

### Verskille

- Die begrip van God se aard en die konsep van die Drie-eenheid teenoor streng monoteïsme.
- Die rol en identiteit van Jesus Christus as die Seun van God of as 'n profeet.
- Die bron en gesag van godsdienstige tekste en leerstellings.
- Die manier waarop verlossing verkry word, en die rol van geloof teenoor werke.

**Lees** meer »

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

# DEGNOS-dinge

Liewe vriende van DEGNOS

## Ringsitting van die Noorde-Ring

Van regoor die bedieningsareas het predikante en kerkraadslede begin bymekaar kom om by die Sentrum in Grootfontein oor te slaap. Ons het vroeg Saterdagoggend, 30 Augustus, deurgery na Tsumeb waar al die Noord-Namibiese gemeentes bymekaar kom om gemeenskaplike sake te bespreek. Dit voel of ons DEGNOS-klomp 'n ewigheid laas bymekaar was. Dit is lekker om saam met broers en susters te kuier!

## Opgewondenheid in die lug oor die jeug

Mishe Matteus (ons jeugwerker) en ds Isak Chameia (gemeente-ontwikkeling) vertel met opgewondenheid van al die groot planne wat daar is met die jeugbediening in Luhebu-Noord. Met militêre presisie word daar beplan hoe om die jeug te bereik en te mobiliseer. Die bedieningsarea word opgedeel en verskillende mense in verskillende areas is geïdentifiseer wat leiding moet neem met die jeug. Ek voel die opgewondenheid aan – hier kom 'n ding!

## Tsumkwe-gemeente mentor (gemeente-ontwikkeling)

Ds Leviet en Tsamkxao is skaars 'n week aan die gang met die wegspring van hierdie nuwe inisiatief in Tsumkwe-gemeente en klaar is daar groot opgewondenheid oor die potensiaal wat raakgesien word. Ds Leviet glimlag van oor tot oor – hy kan sien hoe hierdie plan mense nader aan die Here kan bring. Ook Kamashe, ds N!aici en ds Gerrie stem saam – ons kan ons mense nou bereik. Ons het vervoer, daar is evangeliste wat opgelei word en die organisatoriese strukture is in plek. Ons vertrou dat die Here ook die finansies vir hierdie projek sal voorsien aangesien ons glo dat dit Sy plan is.



***Foto:*** *Ons is opgewonde oor die Jeugbediening! (verskaf)*

## Gebedslys

- **Deursettingsvermoë**

Bid asseblief vir Mishe, Isak en Leviet spesifiek. Hierdie drie manne dra die verantwoordelikheid om hierdie nuwe programme te implementeer en om naby aan die Here te loop en fyn te luister. Bid asseblief dat hulle nie sal moed verloor of sal uitbrand in die proses nie.

- **Ringsitting-vrymoedigheid**

Bid asseblief dat die San-gemeente se verteenwoordigers die vrymoedigheid sal hê om deel te neem aan gesprekke by die Ringsitting. Die kerk het hierdie broers en susters se wysheid en passie vir die Koninkryk bitter nodig.

**Lees** meer »

**VENNOTE IN GETUIENIS**
Ekumeniese Vennootskappe
*Mariëtte Odendaal*

# Uitreik na Wes-Caprivi verryk lewens

Baie van ons wat al so bevoorreg was om op uitreike te kon gaan, weet dat die blootstelling aan medegelowiges van 'n ander kultuur ons insig en begrip van hulle (en hulle van ons) onherroeplik verander; 'n kosbare belewenis wat ons hele geloofservaring telkens verryk.

Een van die gelukkige gemeentes wat jaarliks uitreike na die Caprivi in Noord-Namibië onderneem, is die Bothaville-gemeente. Ons het meer daaroor gaan uitvind by hul leraar, ds Dylan Allen.

**Dylan, vertel ons meer oor die ontstaan en geskiedenis van jul jaarlikse Caprivi-uitreik.**

"Ons is 'n paar gemeentes wat al sedert 2007 by die Caprivi-uitreik betrokke is. Aangesien ons hooffokus van die begin af verhoudingsbou was, was dit nodig om soveel moontlik daar uit te kom.

"Daar is toe besluit om jaarliks twee spanne daarheen te stuur. Die een span fokus hoofsaaklik op mediese dienste, jeugbediening en geestelike versorging en -versterking.

"Die ander span, die bouspan, se taak was om die kerkstrukture, sowel as ander fisiese handewerk wat nodig was, op die been te kry. Dit het aspekte soos die onderhoud van hul elektriese installasie, selfs groentetuinverbouing, ensovoorts behels.

"Vandag is daar net een span wat een maal per jaar opgaan. Hulle sorg dan dat beide spanne se fokusse aandag kry. Sommige van die spanlede is verantwoordelik vir die bouwerk en instandhouding, terwyl die ander verantwoordelik is vir basiese uitreikwerk.

"Wat ons op die uitreike doen, word egter nie deur ons span hier bepaal nie, maar word bestuur vanuit die Wes-Caprivi se eie geledere; ons ondersteun hulle dan in hul geïdentifiseerde behoeftes waar moontlik."

**Lees** meer »

**Foto:** *Uitreik na Wes-Caprivi (verskaf)*



Nagraadse Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Gretig vir nagraadse studie oor die Bybel?

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



***Dr Nina Müller van Velden**, dosent in Nuwe Testamentiese Studies, Fakulteit Teologie en Religie, UV*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | University of the Free State / Universiteit van die Vrystaat / Yunivesithi ya Freistata UFS Theology and Religion

Nuuskierigheid en leergierigheid loop hand aan hand. Dit was juis my eie nuuskierigheid oor die tekste van die Nuwe Testament wat my paadjie gerig het na die akademie, en wat my betrokkenheid in die bediening verryk het. Nagraadse studie is 'n sinvolle opsie vir diegene wat reeds 'n voorgraadse kwalifikasie behaal het en behoefte het aan verdere spesialisering. 'n Nagraadse kwalifikasie in 'n teologiese dissipline is allermins slegs 'n verdieping op akademiese vlak – dit vorm jou as mens, en is dikwels 'n reis tot verdere integrasie tussen kopkennis en hartskennis, en teorie en praktyk. Verdieping in die Bybelwetenskappe en verwante velde hou groot waarde in vir die kerk en vir geloofsgemeenskappe, gegewe die sentrale rol van die Bybel in ons aard en roeping.

Die Fakulteit Teologie en Religie bied verskeie nagraadse kwalifikasies aan waaroor meer inligting aanlyn beskikbaar is. Vervolgens gaan daar egter gefokus word op nagraadse kwalifikasies in die Departement Ou- en Nuwe-testamentiese Studies. Hier volg 'n bondige opsomming van elk, met verdere besonderhede en voorvereistes beskikbaar in die Fakulteit Teologie en Religie se 2025 **Rule Book** (insluitende inligting oor bevoegdheid in die grondtale, Hebreeus en Grieks):

## BTh Honneurs (een jaar voltyds, twee jaar deeltyds)

Ideaal vir diegene wat 'n voorgraadse kwalifikasie in Teologie voltooi het, en verder in 'n spesifieke vakgebied wil spesialiseer met die oog op navorsing.

Die program bestaan uit verskeie modules in die spesifieke dissipline wat grotendeels in selfstandige modus voltooi word. Dit sluit 'n verpligte module oor Navorsingsmetodologie, sowel as 'n navorsingsverslag van 10 000 woorde in. Spesialisering is moontlik in Ou Testament, Nuwe Testament, of Nuwe Testament Grieks en Vroeë Christelike Literatuur.

## MTh (Dissipline-georiënteerd) (een jaar voltyds, twee jaar deeltyds)

Hierdie gestruktureerde M-kwalifikasie bestaan uit selfstandige kursuswerk en 'n miniverhandeling van 20 000 tot 30 000 woorde. Studente voltooi twee verpligte jaarmodules in die gekose dissipline ...

**Lees** meer »




**DIDASKO**, die nuwe VBO-handelsmerk van die NG Kerk Vrystaat, onder leiding van Bedieningsbegeleiding. DIDASKO is meer as 'n naam – dit beteken "om te leer" – en bied 'n vars, dinamiese ruimte waar ons sáám leer, groei en mekaar toerus vir diens in God se wêreld.

# NUUT!

Ons het pas 'n YouTube-kanaal geloods: **DIDASKO | VBO**

Ons nooi jou uit om te "SUBSCRIBE" en deel te wees van hierdie reis van **Leer. Inspireer. Verander.**



ATKV-tak Gemeenskapsteater, in samewerking met PACOFS, bied aan:

# Roep van die leeu

**Gegrond op die lewe van CS Lewis.**
**Geskryf deur Maretha Maartens**
Met Peter Taljaard, Neels Vorster
en Anneri Bosman

**Koste:**
**R120 p.p.**
**(tot**
**1 September**
**slegs R100**
**p.p.)**

**Datum:** **19 en 20 September 2025**
**Tyd:** **19:00**
**Plek:** **André Huguenet-teater**

**Kaartjies is beskikbaar by die PACOFS-kaartjiekantoor of aanlyn op Webtickets.**

Kom geniet hierdie
produksie en
wees deel van die
lewendige viering
van geloofsgeïnspireerde
kuns!

ATKV
ATKV-tak
Gemeenskapsteater

# TWEE GELOWE, EEN DIALOOG

*Hoe Christene hul geloof sinvol teenoor Moslems kan verwoord.*

**Enrico** Casaleggio




### Hoe praat jy oor geloofsake met 'n Moslem?

Hierdie boek is dalk net jou antwoord. In die klassieke Christelike ortodoksie het teoloë dikwels die frase gebruik *credo ut intelligam*, wat beteken *Ek glo, sodat ek kan verstaan*. Die Christelike geloof is nie 'n denklose godsdiens gebaseer op mistiese ervarings wat nie op rasionele gevolgtrekkings gevestig is nie. Inteendeel, die Christelike geloof is die bes beredeneerde, feitelik gebaseerde godsdiens wat daar is. Of Christene in gesprek tree met ateïste, Hindoes of Moslems (of watter ander godsdiens ook al), is dit vanselfsprekend noodsaaklik om ons eie dogma, op grond van die Skrif, goed te ken. Dit is egter ook baie belangrik om 'n goeie kennis te hê van die inhoud van die godsdiens van die persoon met jy wie jy in gesprek tree.

Die doel van hierdie boekie is om Christene toe te rus vir gesprekke met Moslems. Meer nog vir daardie gesprekke waaroor daar groot meningsverskille tussen Christene en Moslems bestaan, byvoorbeeld die godheid van Jesus, die betroubaarheid van die Bybel en die ontstaan van die Koran, om maar enkele sake te noem. Die boekie is geskryf in opdrag van Vennote in Getuienis van die NG Kerk Vrystaat. Dit is 'n opvolg op Islam vandag, vir vandag se Christen verduidelik, uit die pen van dieselfde skrywer. Die skrywer, dr Enrico Casaleggio, is leraar van die NG Gemeente Fichardtpark in Bloemfontein en hy het 40 jaar se ondervinding van sendingwerk onder Moslems. Die boekie van 63 bladsye sal binnekort in die Mediateek beskikbaar wees. Kyk ook uit vir 'n aanlyn VBO-aanbieding oor die Moslems vroeg in volgende jaar.

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# Die Verlore Skapie

BLÊR

deur Martin Schwella

## So soet soos waatlemoen

"Aan die begin, toe tannie Êna met Leon gesels het oor sy gevoel van behoort, het Leon dalk meer gehoor as wat werklik gesê is. Hy het om elke hoek en draai 'n geleentheid gesoek om die Herder se werk te doen, en teen dié tyd het al 'n paar snaakse dinge gebeur.
Leon het gedink hy verstaan, maar hy het steeds vrae gehad. Hy het so hard probeer om die regte ding te doen.

Net toe stop 'n plaasbakkie voor hom in die straat. Dit is die plaashond-oom, oom Ore. Die bakkie hou stil met 'n geraas en 'n skwiek. Agterop die bak is waatlemoene gelaai, hoër as die bakkie self. Leon sien dit as 'n geleentheid om te help, en hy tree dadelik in aksie.

"Dagsê, oom Ore!" groet Leon vriendelik, al is dit dieselfde oom wat hom voorheen by die winkel afgejak het.
"Halooe, ou Leontjie! Dis nou aangenaam om jou te sien," antwoord oom Ore, hierdie keer vriendelik. Oom Ore was 'n paar maande op die plaas en het dorp toe gekom om sy oes vir geld te verruil.

"Oom se oes lyk goed … en … ê … groot!" sê Leon, terwyl hy woorde soek om hierdie kolossale vrag te beskryf.
"Hahaha, ja, Leontjie. Harde werk maak die oes sterk!" antwoord oom Ore trots.

"Wel, oom, dit lyk vir my ek het net op die regte tyd aangekom om te help!" bied Leon ywerig aan.
"Nou maar goed, jonglammer, laat jy span!"

Die bak maak oop, en oom Ore se werker begin waatlemoene na Leon toe gooi. Leon dra dit dan na die winkel se stoor. Hy wil dit alles doen vir die Herder – dalk probeer hy net 'n bietjie té hard.

"Een waatlemoen, twee waatlemoene, drie!" tel Leon uit terwyl hy dit dra. Hy stap aan en sing: "Werk hard vir die Herder! Werk!"

Hy sukkel met die drie waatlemoene, maar kry dit tog waar dit moet wees. Daarna stap hy terug vir die volgende vrag. Oom Ore glimlag dankbaar. "Lekker, Leontjie!"

Leon keer terug en roep weer: "Een waatlemoen, twee waatlemoene, drie! ... Kom, kom!" Hierdie keer probeer hy meer: "Vier waatlemoene, vyf waatlemoene ... ses!" Hy kreun: "Werk ... hard ... vir die ... Her ...der!"
Tree-vir-tree kom hy aan by die stoor, uitgeput maar tevrede. Oom Ore kyk verwonderd na hierdie ywerige jonglammer.

Leon keer weer terug en vra vir nóg meer. "Kom, kom! Sewe ... waat ... lemoene ... agt ... waatlemoene ... nege!"
Maar hierdie keer het Leon homself té swaar gelaai. Hy verloor sy balans, en daar kom al die waatlemoene reg op hom af!
Daar sit Leon, plat op die grond. Twee waatlemoene het gebreek, en die ander rol rondom hom. Leon begin huil.



**Luister hier**:
*Blêr | Ek behoort aan Jesus*

DIE VERLORE SKAPIE

**Lees** meer »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## SEPTEMBER

**11** Mnr Johan Coetzer
SINODALE KANTOOR

**15** Ds Dries Cronjé
VILJOENSKROON



# Organiese September

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## Help bewaar God se skepping

*Organiese September herinner ons daaraan dat elke bord kos 'n verhaal vertel – 'n verhaal van hoe ons óf bydra tot die uitputting van God se skepping, óf help om dit te bewaar vir die geslagte wat kom.*

Elke September word mense regoor die wêreld uitgenooi om vir die hele maand te fokus op hoe ons kos meer organies kan verbou en verbruik.

Organiese September is 'n internasionale veldtog wat deur die ***Soil Association*** geloods word met die doel om die vele voordele van organiese kos en boerderye onder die aandag van die wêreld te bring. Dit gaan nie net oor gesonder kos op ons borde nie – dit gaan ook oor hoe ons kan saamwerk om God se skepping te bewaar en te versorg.


In hierdie maand werk organiese besighede, plase en handelsmerke saam om bewustheid te kweek oor hoe ons almal 'n rol kan speel ten opsigte van die beskerming van die natuur en die planeet wat God aan ons toevertrou het (Genesis 2:15).


**Lees** meer »



mission missie
JAPAN
COMPELLED BY CHRIST'S LOVE TO BE BRIDGE BUILDERS IN JAPAN


mission missie
JAPAN
Hoekom Wêreldsending?
0:00 / 12:39


CONSIDER NEEDS OF THOSE
WITH HEARING LOSS
#AccessibilityMatters
NCPD
National Council of & for Persons with Disabilities
Disability Sunday
Casual Day
NAPPY RUN
VAVA Youth
APD


Consider needs of those with hearing loss
Use a quality sound system
Project text & announcements on screen
Provide hard copy notes
Optimise acoustics
Eliminate background noise
Provide favourable seating
Consider lip-speaking practitioners
Caption video material
SUMMARY
#AccessibilityMatters
NCPD
National Council of & for Persons with Disabilities
Disability Sunday
Casual Day
NAPPY RUN
VAVA Youth
APD


SPEC
OFFE
WORD &
worship
Preaching Resources and Liturgical Material
Based on the Common Lectionary: Year A
t 2025 to Pentecost 2026
atest Word & Worship
26) for R495 and
Pay only R20


BOEKGESPREK
Christian Nationalism and Anticommunism in Twentieth-Century South-Africa
n die DESMOND
RIT BRAND Prys
2025
15
18
Lees
Stelle
Regis
Ruhan Fourie
VBO



Leer, Speel en groei
SAAM IN GELOOF
My eerste speel-en-leer-Bybel
In My eerste speel-en-leer-Bybel leer ken kleuters en kinders die 100 belangrikste verhale in die Ou en die Nuwe Testament en ontmoet 50 van die bekendste mense in die Bybel.
Hulle leer ken stories van Noag wat 'n ark gebou het, Dawid wat 'n groot reus verslaan het, Saggeus wat in 'n boom geklim het en Paulus wat ver gereis het om vir mense van Jesus te vertel.
By elke storie is daar 'n prettige aktiwiteit. Speel-speel leer ken kleuters en kinders die Bybel en ontdek hoe lief Jesus vir hulle is.
'n Bybel in 'n kind se hand is die fondasie vir 'n leeftyd saam met Jesus.
BM


Jou besigheid kan help om
DROME IN
TE KLEUR
Ons daag julle uit om deel te wees van die Omgie Sivvie dag pret
WWW.ENGO.CO.ZA | 060 548 55
BLOEMFONTEIN
Courant
OFM


Lente Genadefees
Ten bate van
CHOC
Engo
Datum: Vrydag, 12 September
Tyd: 19:00
Plek: Geloofsentrum, Universitas
Koste: R100
KUNSTENAARS:
Riaan Naude · Ella Kotze · Levert Solomons
Du Preez & Jana Stoltz · Jaco Bezuidenhout · Ilse Fourie
Unimus Orkes onder leiding van Anton Esterhuyse
Met geskunstenaar: Jannie Moolman
Kaartjies beskikbaar op Quicket
ROSESTAD 100.6 FM
TROTSE MEDIA BORG


'n Kuier saam
BULTFONTEIN
Landbou skou
KWID
Bulfontein Skouter
5 & 6 September 2
R50 per volwassene & R30 p
k 'n draai en kom kry jou kaartjie of kom kry jou dagb



NOU BESKIKBAAR!
DIE OORSPRONKLIKE
1933-vertaling
IS TERUG!
DIE BYBEL
1933-vertaling
100 JAAR
Die Bybel wat geskiedenis gemaak het, is nou weer beskikbaar. Vier jou taal en jou geloof met hierdie tydlose skat.
Vir meer inligting, stuur e-pos aan sales@biblesociety.co.za.
www.bybelgenootskap.co.za


sower
K IN AFRIKAANS
With Prayer Guide


Die Woord
BINNE
die Stil
Help die
Bybelgenootskap
om 400 Bybel
aan die Dowe
gemeenskap
te skenk
GEE NOU


PROGRAM
REGISTREER HIER
Sendingkonferensie
20 September 2025
Die eindes van die wêreld op my voorstoep.
Geopende Deure
NG Kerk
Vrystaat
Pellissier
Gemeente

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## HERMENEUTIEK IN DIE 21STE EEU

9 September

2 VBO-punte

Aanlyn ZOOM
Interpreteer opnuut
Prof Louis Jonker

Lees meer +
**Skakel in** +




## (MET) JOB IN GESPREK (MET) ...

10 September

10 VBO-punte

R250 p/p, 09:00
NG BHM-Panorama
Dr At Lamprecht

Lees meer +
**Registreer** +




## "DINK JOUSELF GELUKKIG"-AANBIEDING

30 Sept & 1 Okt

25 VBO-punte

Bloemfontein
Dr Pieter van Jaarsveld (Outeur)

Lees meer +
**Registreer** +




## DORPE FLOREER PRAKTIESE WERKSWINKEL

11 Oktober

5 VBO-punte

09:00 - 16:00
NG Jacobsdal
Fauresmith-ring

Lees meer +
**Navrae** +

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## GODSDIENS AS VERWONDING IPV HELING

16 September

5 VBO-punte

R275 p/p, 09:00
Aanlyn Zoom
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +

**Registreer** +




## LENTE-KONFERENSIE 2025

16–18 September

30 VBO-punte

R1 600 p/p
Universiteitsoord, Pretoria

Lees meer +

**Registreer** +



## SPONTANE GETUIENIS - EVANGELISASIE

25 September

10 VBO-punte

GRATIS, 08:30
Aanlyn Webinaar
Dr Frikkie Coetzee

Lees meer +

**Registreer** +




## JAARKURSUS IN PASTORALE SORG

2025 - 2026

55 VBO-punte

'Die pastor in krisis'
Twaalf modules
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +

**Registreer** +


# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

**kerkbode** BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



### Elders gesien | Soos om in 'n film te wees sonder klankbaan – dowe vertel met oog op biddag 7 September

*3 September 2025*
*Kerkbode*
*Nuus*



### Konflik in die Midde-Ooste: Ses gewaarwordinge ná my besoek aan 'n vredesberaad

*3 September 2025*
*Kerkbode, Rubrieke*
*Rudi Swanepoel*




### Slypskool vir Skrywers 2025: Hoe beïnvloed diensleraars die NG Kerk?

*3 September 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Riata Nel*



### Regter sê saak oor sekswerkers raak hele samelewing

*1 September 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*



### Sorg in 'n knyptang: Hoe herstel ons Suid-Afrika se sorgsisteme?

*29 Augustus 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Frederick Marais*





### Uit Nioma se dagboek | Medewerkers in hoop: Ons moet dringend nuwe maniere van saamwerk vind

*28 Augustus 2025*
*Kerkbode*
*Rubrieke*

Google Play kerkbode.christians.co.za App Store


Bybel-Media




**R270**

## Uit die Beek 2026

Mag jy opnuut sprakeloos staan oor die goedheid van ons God. *Uit die Beek* is net oor 'n 100 jaar oud. Dit was deur al die jare heen die doelwit van die onderskeie skrywers om lesers die hele Bybel te laat lees, nie net geliefde gedeeltes nie. God het immers sy héle Woord aan ons gegee om ons op sy pad te lei. In hierdie uitgawe, *Uit die Beek 2026*, begin ons ons reis by Genesis. Soos gewoonlik word die belangrikste seisoene van die kerkjaar in ag geneem met 'n spesiale boodskap vir Lydenstyd, Paasfees, Pinkster, Koninkrykstyd, Advent en Kersfees. Mag jy, liewe leser, vanjaar opnuut hoor dat jy aan Jesus Christus behoort, dat die Here by jou is, dat sy genade vir jou genoeg is en dat Hy jou dra. Altyd. Elke dag.




**R180**

## God is ...

Leer ken God op 'n nuwe manier. Ontdek opnuut God se onbeskryflike grootheid en heerlikheid. Groei nader aan God en laat jou hart warm word wanneer jy lees en nadink oor 30 baie besonderse eienskappe van God.

- Ons God is die ewige, almagtige, alomteenwoordige, onsienlike, onbegryplike, soewereine, genadige, heilige, liefdevolle, alwyse, alwetende, getroue en betroubare God.
- Ons God is die enigste en ware Redder, Verlosser, Oorwinnaar, Bevryder en Skepper, die Here van alle heersers en die Koning van alle konings.

Mag hierdie boek jou bring by die belydenis: *Aan God alleen behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid.*




**R190**

## Bybelstudie vir Omgeegroepe

Praktiese handleiding vir omgeegroepe en leiers om sinvolle Bybelstudie in groepsverband aan te bied. Hierdie is 'n werkboek waarin jy jou gedagtes en antwoorde kan neerskrywe en ook kan toets met die antwoorde wat agter in die boek is. Soos wat die inhoudsopgawe aandui is daar elf aktuele onderwerpe met onderafdelings wat elke tema bespreek. Mag jy die omgee van die Here en van medegelowiges op 'n nuwe manier ervaar deur hierdie boek, en mag jy nuwe vrug en hemelse seën in jou lewe ontdek.

# WAT’S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

### VAKATURES

### AMPTELIK

## VRYSTAAT PREDIKANTENUUS

**BEROEP | Ds Riëtte Botha** van Petra Instituut vir Kinderbediening, Bloemfontein, is as diensleraar na NG Gemeente Middelburg-Karoo beroep.

**BEROEP EN AANVAAR | Proponent Cecilna Grobler** is op ’n kerkraadsvergadering op Sondag 8 Junie 2025 as tentmaker-leraar beroep na die NG Gemeente Brandfort-Oos. Sy het op Vrydag 20 Junie die beroep aanvaar en is op Saterdag 30 Augustus bevestig.

Amptelike Nuus
kerkbode

HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Dis heerlike lente ...

**ALGEMEEN**
Leraar van NG Gemeente Fichardtpark
*Dr Enrico Casaleggio*



***Foto:*** *Dr Enrico Casaleggio (verskaf)*

> *“Die geestelike lewe is ’n groeiende lewe. ’n Lewe waarin daar ontwikkeling plaasvind. Daar is toename.”*

Markus 4:20: *“Dan is daar die mense by wie daar soos op goeie grond gesaai is, wat die woord hoor en aanvaar en vrug voortbring, party dertig-, party sestig- en party honderdvoudig.”*

“Dis heerlike lente, die winter’s verby ... ” – so lui die woorde van ’n baie bekende liedjie. Maar wat sê die aanbreek van die lente vir ons as gelowiges?

In die antieke tye was die aanbidding van Baäl en Astarte en baie ander gode, deel van ’n vrugbaarheidsgodsdiens. Dit is hoekom die beoefening van hierdie godsdienste ook die beoefening van tempelprostitusie ingehou het.

Daar is onder andere geglo dat hierdie afgode gedurende die winter geslaap het en dat die aanbreek van die lente ’n teken was dat hulle nou weer wakker geword het.

Ons weet dat ons God nooit sluimer of slaap nie, soos Psalm 121 sê. Die aanbreek van die lente herinner ons daaraan dat God nie net die Skepper van die heelal is nie, maar dat Hy dit steeds dag vir dag versorg en daarna omsien. Hy is in beheer van die seisoene en gee dit aan ons as ’n gawe. Wat ’n troos vir ons om te weet dat die God wat die seisoene in Sy hand hou, ook my lewe in Sy hand hou!

Maar by die aanbreek van die lente word ons ook bewus van ’n ontwaking in die natuur. Die gras word weer groen, die bome kry weer blare. Bloeisels versier die omgewing. Alles groei weer. Groei is ’n teken van lewe. Dit wat nie groei nie, is dood. Die klippe groei nie, want daar is nie lewe in hulle nie. So ook die plante wat dood is gedurende die winter. Hulle bly grys. Hulle stoot nie weer blare uit nie. Dieselfde waarheid geld ook vir ons geestelike lewens.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321



**NG KERK VRYSTAAT | © 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING